**Verstaan die seisoene van God: Lente – tyd om te saai**

**Patrick J van Rensburg**

**Kernteks**

Hooglied 2:11  Want kyk, die winter is verby, die reëntyd is oor, dit het verby gegaan. Hooglied 2:12  Die bloeisels word gesien in die land, die sangtyd het aangebreek, en die tortelduif laat sy stem hoor in ons land.

**Lente**

Die tyd van 'n nuwe begin.Die tyd om die grond voor te berei vir die oes.'n Tyd van warmte na 'n winter seisoen.'n Tyd van die uitvoer van jou plan / visie.  'n Tyd van saai.

**Saai**

Gal 6:7 "want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Gal 6:8  Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai.Gal 6:9  En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie. Gal 6:10  Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.

Gal 6:7  Don't be misled: No one makes a fool of God. What a person plants, he will harvest. The person who plants selfishness, ignoring the needs of others--ignoring God!-- Gal 6:8  harvests a crop of weeds. All he'll have to show for his life is weeds! But the one who plants in response to God, letting God's Spirit do the growth work in him, harvests a crop of real life, eternal life.Gal 6:9  So let's not allow ourselves to get fatigued doing good. At the right time we will harvest a good crop if we don't give up, or quit.  Gal 6:10  Right now, therefore, every time we get the chance, let us work for the benefit of all, starting with the people closest to us in the community of faith.

**Die geestelike beginsels wat die opbrengs van jou saad beïnvloed:**

**Beginsel een – Jy saai wat jy maai.**

Geen mielieboer sal ooit koring terugkry van sy gesaaides nie. Dit wat jy saai, daarvan gaan jy maai. Het jy liefde nodig, saai liefde. Het jy finansies nodig saai finansies, maar verwag 'n oes terug. Geen boer sal duisende rand gaan gelê in sy grond en nie 'n verwagting hê om 'n goeie oes terug te kry nie. "Net wat jy saai sal jy maai"

**Beginsel twee – Die hoeveelheid wat jy maai, is proporsioneel van dit wat jy gesaai het.**

2 Kor 8:6 " Maar dink daaraan: Wie spaar saamlik saai, sal ook spaar saamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai."

Daar moet 'n verwagting wees om terug te ontvang – God gebruik die mens om terug te ontvang.

**Beginsel drie – Saai in elke seisoen**.

Prediker11:4 Wie op die wind ag gee, sal nie saai nie; en wie na die wolke kyk, sal nie oes nie.

Ecc11:4 Don't sit there watching the wind. Do your own work. Don't stare at the clouds. Get on with your life. (MSG)

**SAAI IN HONGERSNOOD**

Gen 26:1 En daar was hongersnood in die land, buiten die eerste hongersnood wat in die dae van Abraham gewees het. Daarom het Isak getrek na Abiméleg, die koning van die Filistyne, na Gerar.

Gen 26:12 Isak het toe in dié land gesaai en daardie jaar honderdvoudig gewen, want die HERE het hom geseën.

Wanneer jy saai in hongersnood is jou oes altyd honderdvoudig. Isak het in die geloof opgetree te midde van die hongersnood.Die rede waarom baie mense geen vooruitgang maak nie, is omdat hulle niks saai nie.Hulle leef net vir hulle self. Verwag jy dat God jou probleme moet oplos, begin ander mense help om hul probleme op te los.Plant in hongersnood. God het Isak se saad bonatuurlik vermeerder en hom voorspoedig gemaak.  Dalk beleef jy vandag 'n hongersnood. Saai te midde van die hongersnood.  Wat ookal jou behoefte is, een van die beste dinge wat jy kan doen, is om van jouself te vergeet en in iemand anders se behoefte te voorsien.

Saai sade van geluk. Dis hoe jy 'n oes kan kry. Begin altyd met saad.Plant sade wanneer jy iets nodig het.Wanneer jy nie werk het, help ander om werk te kry. Wanneer jy alleen voel, gaan kuier vir ander wat eensaam is.  Doen iets om 'n paar sade te plant.

**Deel ruim uit**

Spr 11:24  Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry, en een wat terughou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek.  11:25  Die siel wat seën, word versadig; en hy wat laaf, word self ook gelaaf.  11:26  Hy wat koring terughou, hom vloek die mense; maar seëning kom op die hoof van hom wat koring verkoop.

Pro 11:25  The one who blesses others is abundantly blessed; those who help others are helped. Pro 11:26  Curses on those who drive a hard bargain! Blessings on all who play fair and square!Pro 11:27  The one who seeks good finds delight; the student of evil becomes evil.Pro 11:28  A life devoted to things is a dead life, a stump; a God-shaped life is a flourishing tree. (Msg)

Luk 6:38  Give away your life; you'll find life given back, but not merely given back--given back with bonus and blessing. Giving, not getting, is the way. Generosity begets generosity."

Moenie wag totdat jy meer het nie; begin nou. Sodoende sal jy meer van God kry.  Begin vandag saai en oes.Hoe meer jy saai, hoe meer gaan jou oes.  Help iemand anders, en dan sal jy gehelp word. Plant ‘n paar sade.  Moenie ophou gee nie.  Op die regte tyd sal jy oes.